# D.A. MULLERKOSHUIS

Alle korrespondensie moet gerig word aan:
All correspondence must be addressed to:

DIE HOOF / THE PRINCIPAL
Jim van Tonderskool
Privaatsak / Private Bag X1007
BETHAL, 2310

Tel.: (017) 647 2606
Faks / Fax: (017) 647 5988

**2017/02/24**
**B van 2017**

Geagte Ouer / Voog

Graag bring ons die volgende inligting onder u aandag:

**HEKKE**
Die koshuis se hek gaan outomaties om 19:00 toe. Leerlinge moet asseblief op 'n Sondagaand voor 19:00 terug wees by die koshuis.

**KUIER BY VRIENDE**
Koshuisleerlinge mag slegs oor **naweke** by vriende gaan kuier indien daar die nodige **skriftelike** toestemming vanaf die ouers daarvoor is. Reël dit asseblief vroegtydig. Koshuisleerlinge word nie gedurende die week toegelaat om by maats oor te slaap nie.

**SIEK LEERLINGE**
Indien u kind ernstig siek is, hou u kind asseblief by die huis totdat u kind beter is. Indien u kind by die koshuis siek word en dit is ernstig sal ons u skakel sodat u asseblief 'n afspraak by 'n dokter in Bethal kan maak. U kind sal dan na die dokter toe geneeem word. Ons kan u ook versoek om u kind te kom haal. ***Leerlinge mag nie die ouers skakel om hulle te kom haal nie.*** Ouers het al onnodig na die koshuis toe gery omdat die leerling nie regtig siek is nie, maar graag huistoe wil gaan.

Die koshuis beskik oor die nodige medikasie en opgeleide personeel om minder ernstige siektes te behandel. Leerlinge wat medikasie van die huis af bring, moet dit by die siekekamer inhandig. Sorg dat dit duidelik gemerk word, asook wat die dosis is wat geneem moet word.

Geen leerlinge mag enige medikasie in sy/haar kas hou nie. Indien u kind nie gereeld huistoe gaan nie, moet u toesien dat daar genoeg medikasie by die siekekamer is indien u kind chroniese medikasie gebruik.

**WAARDEVOLLE ITEMS**
Ons wil u weer versoek om toe te sien dat u kind nie waardevolle items na die koshuis toe sal bring nie. Dit neem baie tyd in beslag om hierdie artikels te soek indien dit wegraak. In baie gevalle word dit nie gevind nie en dan ly die kind baie skade.

Leerlinge moet ook nie groot bedrae geld by hulle hou nie, hulle moet dit liewer inbetaal of vir 'n personeellid gee om dit te bewaar. Maak asb. seker dat u kind oor 'n slot beskik om sy/haar kas mee toe te sluit.

**FINANSIES**
U kind het 'n koshuisrekening ontvang, vra dit asseblief en gaan dit na. Ons wil u ook versoek om u kind se losiesgeld op datum te hou, dit is baie moeilik om dit in te haal indien u agter raak.

Net weer die volgende inligting ten opsigte van die Nelspruit busgelde :

Die busgelde moet asb. voor of op daaropvolgende Woensdag inbetaal wees en die bewys deurgefaks word na die skool. Faksnr 017 647 5988

Die Nelspruit busgelde moet in die koshuis se bankrekening inbetaal word.

| | |
|---|---|
| Rekening besonderhede :- | DA Mullerkoshuis<br>ABSA Bethal<br>760 260 002 |
| Verwysing :- | U KIND SE NAAM EN VAN ASOOK BUSGELD |

Maak asb. seker dat die gelde reg en betyds inbetaal word.

**BELANGRIKE DATUMS**

| | |
|---|---|
| 31 Maart | - Skoolvakansie |
| 17 April | - Koshuis open om 14:00 |

Geniet die naweek saam met u kind.

Groete,

**M EHLERS**
**HOOF**

**TG PRETORIUS**
**ADJUNK-HOOF /**
**KOSHUISVADER**